

Vrydag 15 Desember

Skrifgedeelte: Sagaria 6:9-15

Fokusgedeelte: Sagaria 6:12, 13

Deur Christus word die tempel van die Here weer opgebou

Die verbondsvolk het uit hulle ballingskap teruggekeer. Terug in die beloofde land moes die tempel van die Here weer herbou word. Aanvanklik het hulle met geesdrif begin om die tempel te herbou. Na 'n tyd het beproewings en onderlinge onenigheid die verbondsvolk moedeloos gemaak. Hulle het die tempelbou gestaak. Sonde het die herbou van die tempel verhinder. Die Here het Sagaria gestuur om ernstig te preek teen die verwaarlosing van sy tempel.

Die tempel van die Here – wat of wie is die Here se tempel? God leer ons in sy Woord dat die tempel van die Here baie meer is as byvoorbeeld net 'n kerkgebou. God woon in elke gelowige. Elke gelowige is nou tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 6:19.) Sonde verhinder die opbou van die tempel van die Heilige Gees. 'n Wettelose en losbandige lewe breek die tempel van die Here af. Wegdwaal van die Here of 'n gebrekkige verhouding met Hom verhinder die opbou van die Here se tempel.

Sagaria het ook genade aan die verbondsvolk verkondig. Die Here sou 'n Koning en Priester stuur. Hierdie Koningpriester sou die tempel herbou en die verbondsvolk regeer.

Christus is ons Priesterkoning. Hy herbou, herstel ons as die tempel van die Here deur sy dood en opstanding. Hy regeer ons deur sy Heilige Gees. Wanneer ons ons deur die Heilige Gees laat beheers en nie deur ons sondige natuur nie (Gal. 5:16, 17), word die tempel van die Here, elke ware gelowige, opgebou om vir Christus te leef!

Sing: Psalm 84:5, 6

Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)